Oordenking
14 Julie 2010

Die Heilige Gees sug ook.

Ons het reeds gesien die skepping sug en wag dat God se kinders bekend gemaak sal word om alles wat geskape is vry te maak van die vloek as gevolg van ons sonde. Christene sug ook. Ons verlang om van swak sondaars verander te word in mense wat soos Christus lyk.

Die verstommende waarheid is dat ons Trooster, die Heilige Gees, ook sug!
Rom 8: 26 – 27: *Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.*

Ons word hier geleer dat die Heilige Gees langs ons kom staan om ons te help om Christene te wees in 'n wêreld wat ongenadig en anti-Christelik is. Gelowiges het hierdie basiese hulp en ondersteuning elke dag nodig. Die Gees weet hoe maklik ons verkeerd doen en help ons om dit nie te doen nie. Hy weet dat ons maklik dwaal en help ons om nie verdwaald te bly nie. Hy weet ons word moeg daarvan om God se wil te soek en Hy help ons om getrou te bly. Hy weet hoe maklik ons ophou kerk toe gaan en Hy stel ons in staat om dit elke week te doen.

Ons is swak en ons is sondaars, maar die Gees maak ons sterk en stel ons in staat om tot eer van God te lewe.

Ja, die Gees bid vir ons. Omdat ons sondig en swak is, kan ons nie volgens die wil van God bid nie. Maar die Gees ken die wil van God, want Hy is God. Hy weet wat ons nodig het. Hy neem ons onvolmaakte, selfsugtige gebede en verander dit in 'n gebed wat die Vader vertel wat ons regtig nodig het.

Hoe gelukkig is ons nie! Wie weet hoe om vir al sy behoeftes te bid en hoe om vir al die behoeftes te bid waarvan ons hoor? Wie ken die gedagtes van God goed genoeg om volgens sy wil te bid? Die Heilige Gees ken God se gedagtes en ons nood. Hy vertaal ons gebede in God se volmaakte wil vir ons. Dit is wat dit beteken om in die Gees te bid.

Daar kom tye wanneer dit vir ons moeilik is om te aanbid en die werk van God te bly doen. Maar ons het 'n Helper! Die Gees wat in ons woon is in staat om ons te help om vol te hou om God te dien soos Hy wil en volgens sy doel met ons lewens. Hy stel ons in staat om oorwinnend te lewe.

Wie ook al dink dis maklik om as 'n Christen te leef, maak 'n fout, maar dis nie onmoontlik nie, want die Heilige Gees help ons.
Kry ons nog swaar? Ja!
Sug ons dikwels moedeloos? Ja!
Is daar soms tye wanneer ons voel ons wil ophou om 'n kind van God te wees? Ja!
Is ons soms nie lus om kerk toe te gaan en ons kinders Kinderkerk toe te bring nie? Ja!

As dit alles gebeur, moet ons onthou dat die Gees van God in ons is en Hy is altyd besig om ons te help om getrou te bly op ons reis in hierdie wêreld sodat ons by God se eindbestemming sal uitkom.

Skep moed! Die Heilige Gees bid vir jou!